

Berig oor Hertzogprys ,ontstellend'

Ken van goed en kwaad ware tema van omstrede boek

MET DIE TOEKENNING van die Hertzogprys vir prosa het Die Transvaler op 28 Mei 'n berig met die nuus en reaksies gepubliseer, waarop ons 'n brief ontvang het van dr. Elize Botha van Pretoria. In haar brief het sy ons boekeresensent, dr. Jan Kromhout, se bydrae tot die berig gekritiseer. Ons het dr. Botha se brief aan dr. Kromhout voorgelê, en sy antwoord verskyn hieronder saam met die brief:

Dr. Botha se brief lui, effens verkort:

U berig oor die toekenning van die Hertzogprys was, om verskillende redes, ontstellend.

Dit was enersyds ontstellend dat u beriggewer so weinig letterkundiges kon vind wat bereid was om hul reaksie op die toekenning van die Hertzogprys aan Etienne Leroux se Sewe Dae by die Silbersteins vir u koerant te formuleer.

Waarskynlik was dit die oorsaak daarvan dat daar soveel uitsprake in die berig gedoen is wat weinig met die boek self te make het.

Dit is bevreemdend dat 'n teoloog, wat deur die dissipline van die eksegeese kon geleer het om met die grootste noulettendheid 'n geskrewe woord te ontleed, so argeloos met die geskrewe ne omgaan soos ds. De Beer doen, dat hy oordeel oor iets wat hy, volgens één erkenning, glad nie gelees het nie, volgens 'n ander, slegs stukke van gelees het. Want om te betreur, is tog om afdoende te oordeel?

Element

Ewe bevreemdend is die latere uitspraak van 'n teoloog in die berig dat Sewe Dae by die Silbersteins „onnodige suggestiewe en pornografiese elemente het.” 'n Element in 'n boek is tog nooit pornografies op sigself nie — in alle beskeidenheid: leer die studie van die Bybel ons nie ook juis dit nie?

'n Element van 'n boek is alleen pornografies wanneer dit blyk uit die hele konteks waarin dit verskyn dat die bedoeling daarmee is om „onweloweglik te prikkel.”

Dat die boek dus „pornografiese elemente het”, is 'n letterkundig sinlose uitspraak, en regverdig in elk geval nie die oordeel van prof. A. B. du Preez, wat direk daarna laat volg dat „uit letterkundige . . . oogpunt” dit jammer is dat die Akademie die boek bekroon het nie.

Bron

Die belangrikste bron waarvan u beriggewer egter vir menings oor die boek gebruik maak, is Die Transvaler se boekeresensent, wat vir u lesers 'n weergawe gee van die inhoud en strekking van die roman Sewe Dae by die Silbersteins.

Die resensent sê: Henry van Eeden, die hooffiguur in die boek, is 'n betreklik onskuldige jongman.

Die boek sê: hy is „Van Eeden” — „van die paradys”; hy is „paradyslik” onskuldig (vgl. bl. 1).

Die resensent sê: die jongman se ouers beskou dit noodsaaklik dat sy horison verbreed word.

Die boek sê: „Die Van Eedens het besluit dat hul enigste seun in die huwelik moet tree met iemand wat in ander opsigte hulle stand waardig is” (bl. 1). Hulle het dit nooit, in die enigste paragraaf waarin daar oor hulle gepraat word in die boek (bl. 1), oor 'n verbreding van Henry se horison nie (t.o.v. die sogenaamde lewensleëte om die

suggestiewe frase van die boekeresensent oor te neem?)

Die resensent sê: Henry „beland” op die landgoed Welgevonden wat aan Jock Silberstein behoort.

Die boek sê: Die dogter van die Silbersteins (Salome) is as aanneemlike keuse vir Henry se huwelik aanvaar, en daarom gaan Henry na Welgevonden, om sy bruid te leer ken. (bl. 1).

Gepaar

Die resensent praat daarvan dat Henry „met Jock se aanvallige dogter Salome „gepaar word.”

Die boek sê: Henry gaan in die huwelik gepaar word met Salome (bl. 21) — ek meen die werkwoord se gebruiksfeer word daardeur nogal anders — en 'n noukeurige lees van die laaste bladsye van die boek laat duidelik uitkom dat die leser dié gebeurtenis nie meemaak nie.

Die resensent sê: Baie van die funksies wat Henry op Welgevonden moet bywoon (om verskillende soorte mense te ontmoet) is uitspattig.

Die boek vertel van sewe funksies wat Henry meemaak, en wat ons, die lesers, soos die resensent tereg opmerk, met hom meemaak. En dan moet ons, die lesers, saam met Henry ervaar dat hy met een uitsondering homself buite hierdie feestelikhede bevind, daaraan geen deel het nie, en dat die hele menslike bedryf van die „funksies”, met ironiese kommentaar in die konteks self, ontbloot word as sinloosheid, potsierlikheid, heil-loosheid.

Dit gebeur ook by dié geleentheid wat die resensent 'n „seksuele orgie” noem, maar wat in die boek Walpurgisnacht heet — dus die heksesabbat-motief uit die Faustgeskiedenis (wat iets anders is as 'n skryfmode) en waarvan ons, waarskynlik sonder weersin, 'n mooi geromantiseerde skoonskrif-weergawe gesien het toe TRUK onlangs Gounod se Faust aangebied het. Maar selfs in Gounod se Faust, soos in dié van Goethe, gaan Faust deur dié Walpurgisnacht tot sy skade en verdoenis — en dit verswyg ook Sewe Dae by die Silbersteins nie aangaande sy Walpurgisnacht nie.

Die resensent sê: by hierdie „orgie” is mense van allerlei stand, ras en kleur teenwoordig — die boek sê alleen van die gaste by hierdie geleentheid dat hulle gesigte in die dowwe lig moeilik onderskei kan word (bl. 127). Mense van allerlei stand, ras en kleur is wel teenwoordig, volgens die boek (bl. 82) by 'n funksie wat beskryf word in die hoofstuk genoem Fuga van Geestelike Herbewapening, Apartheid en Beplanning — en hierdie „organisasies” en „strominge” het wel deeglik te doen met mense van verskillende ras, stand en kleur, soos 'n mens daagliks in die „werklikheid” met meer of minder ergernis ervaar.

Inisiasie

Die resensent se slotsin in hierdie inhoudsverklaring wat hy gee, lui dat Henry sy inisiasie tot die volle lewe ondergaan, „waarin (hy) die vryheid van die individu die hoofsaak is en alle moraliteite opgehef word” (ek siteer letterlik).

In die boek word verskeie kere daarop gewys dat Henry moet leer, maar dat hy in die proses sy onskuld moet verloor, sy enkelingskap; dat hy die bese sal leer ken om so ook die goeie te kan onderskei. En hierdie proses word uitdruklik as tragedie aangedien. Jock Silberstein sê (bl. 28): „Dis die tragedie van ons menswees, dat jy verplig is om eendag meteens bewus te word van die donkerte in die hart van die mens, en, teen jou sin, let wel, kennis te neem van goed en kwaad.”

En wat die „opheffing van moraliteite” betref: die dierendste preokkupasie in die boek is die onderskeiding tussen goed en kwaad — dit is tot daárdie onderskeiding, in al sy verwikkeldheid, in al sy tragiese ironie, dat Henry geïnisieer moet word.

Mislei

Ek moet u boekeresensent dit dus ten laste lê dat hy u lesers in sy weergawe van die inhoud mislei.

Die erkende strewe van die Akademie tot volksdiens, deur 55 jaar heen, het reeds al meer bedagsaamheid van u blad verdien as wat u hom volgens hierdie berig gun.

ELIZE BOTHA